**Preek, Ds Freddie Schoeman**
**Sondag 22 Maart 2009**

REEKS: VERBAN JOU VRESE (4/4)

Verban jou vrees vir die onverwagte

Die meeste van ons het 'n stemmetjie in ons kop wat so elke nou en dan vir ons sê: as dit of dat gebeur dan sal ek dit nie kan hanteer nie. Ons vrees is dat iets sal gebeur wat 'n ingrypende negatiewe impak op my lewe sal hê – 'n krisis van die een of ander aard – en dat ons nie die vermoë sal hê om die probleme wat daarmee gepaard gaan op te los nie.

Wat sê die Bybel hieroor? Hoe moet ons hieroor dink? Hoe kan ons onsself voorberei daarop?

Daar is 'n paar dinge wat die Bybel sê oor die aard van krisisse:

1. Krisisse is onvermydelik

*My broers, julle moet baie bly wees <u>wanneer</u> allerlei beproewings oor julle kom, ...* (Jakobus 1:2)

Die vraag is nie of dit gaan gebeur nie – die vraag is wanneer. Dis deel van ons menslike toestand. Dinge gebeur waaroor ons geen beheer het nie. Dit is onvermydelik – maak nie saak hoe goed ons beplan, hoe versigtig ons leef, of hoe hard ons dit probeer voorkom nie. Daar gaan krisisse oor ons pad kom. Daarom moet ons mooi hoor wat die Bybel sê oor hoe ons dit moet hanteer.

2. Daar is verskillende soort krisisse

- Algemene krisisse – dinge wat met jou gebeur. Murphy's Law.
- Verhoudingskrisisse – in jou huwelik, in jou gesin, verhouding tussen ouers en kinders, by die werk …
- Emosionele krisisse – wanneer negatiewe emosies jou lewe begin oorneem: depressie, aggressie, skuldgevoelens, vrees, angs. Uiterlik: soos 'n eend op kalm water. Innerlik: naarstigtelike beweging.
- Finansiële krisisse

3. Dit gebeur met almal

- Dit gebeur met goeie en slegte mense
- Dit gebeur met gelowiges en ongelowiges. Gelowiges word nie gevrywaar van probleme nie – ons word gevrywaar van die hel, maar nie van probleme nie. Ons beleef ook teleurstellings, hartseer, pyn – maar ons weet dat ons Iemand het wat ons bystaan en ons nooit in die steek laat nie. Hy bemoedig, Hy troos, Hy gee nuwe krag, Hy tel ons op sou ons val …

*[32] Kyk, daar kom 'n tyd, en dit is nou al hier, dat julle uitmekaar gejaag sal word, elkeen sy eie koers in, en dat julle My alleen sal laat; en tog is Ek nie alleen nie, omdat die Vader by My is. [33] Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin."* (Joh 16:32-33)

Krisisse is nie God se straf omdat ons iets slegs gedoen het nie. As ons iets sleg doen sal ons die gevolge dra – maar alle krisisse is nie die gevolg van slegte dade nie. Ons kan in 'n krisis beland omdat ons probeer goed doen. Die dissipels op die boot was in die krisis omdat hulle gehoorsaam was aan Jesus om "oorkant toe te vaar"!

4. Krisisse is onvoorspelbaar

'n Krisis is iets wat jy nie sien kom nie. Dit tref jou onverwags. As jy weer sien, is in die middel van 'n krisis. Die dissipels op die see het ook nie die storm verwag nie. Die mense wat weet sê dat die See van Galilea nogal geteister word deur skielike storms. Die een oomblik is dit mooiweer en die volgende oomblik pak die wolke saam en bars 'n storm los.

Dis hoe krisisse is. Jy verlaat jou huis die oggend en daar is absoluut niks verkeerd nie. Teen die aand is jy gevul met kommer en vrees en angs want deur die loop van die dag het daar iets gebeur wat jou heeltemal van balans af gooi.

5. Jy kan kies hoe om op 'n krisis te reageer

Dit word gedemonstreer deur die reaksie van die dissipels aan die een kant en die reaksie van Jesus aan die ander kant. Jy kan of gevul wees met vrees, soos die dissipels, of gevul wees met vrede, soos Jesus.

Die situasie op die see van Galilea daardie dag was ernstig. Ten minster vier van die dissipels was professionele vissermanne. Hulle was elke dag op die see. Hulle het die see geken. Hierdie was nie sommer maar net 'n klein stormpie nie. Die see was nie maar net ontstuimig nie. Dit het hulle geken. Dit kon hulle hanteer. Maar toe hierdie storm losbars het hulle geweet hulle was in die moeilikheid. Die skuit waarin hulle was het begin water inneem.

Hulle reaksie was paniek / vrees.

Jesus se reaksie was slaap. Soms kan slaap 'n geloofsbelydenis wees! Die feit dat Jesus geslaap het was 'n teken dat Hy volkome vertrou het. Hy het geweet dat sy lewe in die hande van sy Vader was.

Hoe kan ons hierdie soort vrede kry? Die Bybel gee vir ons drie riglyne:

- Fokus op God se teenwoordigheid

- Fokus op God se sorg
- Fokus op God se beheer

1. Fokus op God se teenwoordigheid

Jesus was in die skuit by die dissipels! Het hulle dit nie verstaan nie? Dis maklik om die dissipels te veroordeel. Maar met ons is dit nie anders nie. In alle krisisse is God met ons. Sonder twyfel. En dis waarop ons moet fokus.

*Luister, so sê die Here*
*wat jou geskep het, Jakob,*
*wat jou gevorm het, Israel:*
*Moenie bang wees nie, Ek verlos jou,*
*Ek het jou op jou naam geroep,*
*jy is Myne.*
*2 As jy deur water moet gaan,*
*is Ek by jou,*
*deur riviere,*
*hulle sal jou nie wegspoel nie;*
*as jy deur vuur moet gaan,*
*sal dit jou nie skroei nie,*
*die vlamme sal jou nie brand nie,*
*3 want Ek is die Here jou God,*
*die Heilige van Israel, jou Redder.* (Jesaja 43:1-3)

Ons is geneig om dit te vergeet. In die hitte van die stryd vergeet ons soos die dissipels dat Jesus by ons is.

Niks kan ons skei van die liefde van Christus nie:

*Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? ... Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.* (Rom 8:35, 38-39)

2. Fokus op God se sorg

God is nie net altyd naby nie – Hy gee ook om. Dit was die dissipels op die boot se klag: "Gee u nie om nie!" Dis dikwels ook ons reaksie: ons dink die Here gee nie meer vir ons om nie – Hy doen niks aan ons situasie nie omdat Hy nie meer omgee wat van ons word nie.

Weer die woorde van Jesaja: "Ek het jou by jou naam geroep, jy is myne" Hoor jy die deernis wat die Here vir jou het? Jy is ongelooflik kosbaar vir die Here. Moet nooit dink dat Hy nie omgee nie.

Wat gebeur wanneer ons dit besef? Ons beleef 'n vrede wat alle verstand te bowe gaan. Die digter van Psalm 112 vat dit mooi vas in vers 7 en 8:

*7 Vir slegte tyding is hy nie bevrees nie,*
*hy is gerus, hy vertrou op die Here.*
*8 Hy voel hom veilig,*
*hy is nie bevrees nie: …* (Psalm 112:7-8)

3. Fokus op God se beheer

Wat doen die dissipels toe hulle bang word? Hulle doen die regte ding: Hulle gaan roep vir Jesus. Ja, hulle raas met Hom – en hulle neem Hom kwalik – maar ten minste gaan hulle met hulle vrees na die regte Persoon toe.

Soms in sulke situasies wil ons nie na die Here toe gaan nie. Ons is of te bang vir Hom of te kwaad vir Hom. Maar dis juis wanneer ons na Hom toe moet gaan! Want: Hy is in beheer.

Dis die derde ding waarop ons moet fokus: op God se beheer.

*Toe staan Hy op, bestraf die wind en sê vir die see: "Hou op! Bedaar!"*
*Die wind het gaan lê en daar het 'n groot stilte gekom.* (Markus 4:39)

Beide die wind en die golwe bedaar onmiddellik – demonstreer absolute beheer.

Vrees ontstaan dikwels wanneer ons voel dat ons nie meer in beheer van 'n situasie is nie – wanneer ons beleef dat ons uitgelewer is aan omstandighede wat buite ons beheer is. Solank as wat ons in beheer is, dan het ons niks om voor bang te wees nie, maar wanneer ons beheer verloor word ons paniekerig en beangs.

Hier is 'n stukkie nuus: jy is nooit in beheer nie. Al voel jy hoe in beheer van jou lewe, al is jou beplanning hoe goed, jy is nie in beheer nie. Maar dis nie slegte nuus nie! Dis goeie nuus! As jy in beheer van jou lewe was, dan was dit 'n hopelose situasie! Maar nou is God in beheer van jou lewe.

Hy het die mag om die storms in jou hart en in jou gemoed stil te maak. Hy los nie noodwendig die krisis of die probleem onmiddellik op nie – maar Hy bring rustigheid en vrede in jou hart. Hy gee vir jou die vermoë om te kies vir vrede teenoor vrees.

*Hy wat by die Allerhoogste*
*skuiling vind*
*en die beskerming van die Almagtige*
*geniet,*
*2 hy sê vir die Here:*
*"U is my toevlug en my veilige vesting,*

*my God op wie ek vertrou."*

*Sy trou beskerm jou aan alle kante.*
[5] *Jy hoef nie bang te wees ...* (Psalm 91:1-5)

Slot:

Die groot vraag wat ons vir onsself moet afvra is dit: het ons vir Jesus aan boord in ons lewens? Is Hy op jou lewensboot? Waaraan hou jy vas in 'n tyd van krisis? Waarop maak jy staat? Jy kan jou boot vul met 'n klomp goed in stede van Jesus:

- Geld – dit sal nooit genoeg wees nie – jy kan alles in 'n oogwink verloor soos Job.
- Vriende – mense is nie altyd betroubaar nie, mense laat jou in die steek.
- Ambisie – dit kan nooit die plek van God in jou lewe inneem nie.

Het jy Jesus aan boord? As jy Jesus aan boord het kan jy enige krisis oorwin deur te fokus op sy teenwoordigheid, sy sorg, sy beheer.

Amen